

## **WÊRELDPERSVRYHEIDSDAG 2019 - MEDIA VIR DEMOKRASIE**

*Deur me Rebecca Sibanda: Regsassistente, Sentrum vir Grondwetlike Regte*

Wêreldpersvryheidsdag word jaarliks op 3 Mei herdenk om die fundamentele beginsels van persvryheid te beklemtoon, die media te beskerm teen aanvalle op sy onafhanklikheid, om die stand van persvryheid regoor die wêreld te evalueer en hulde te bring aan joernaliste wat hul lewens verloor het in die terwyl hulle aan diens was en moedig onveilige digitale en fisiese ruimtes ter wille van die waarheid te betree.

Die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) het hierdie jaar se tema as “Media vir Demokrasie: Joernalistiek en Verkiegings in Tye van Disinformasie” identifiseer. Hierdie tema kan nie meer gepas wees nie, aangesien talle demokrasieë, insluitend Suid-Afrika, gereed maak vir verkiesingseisoen. Vir die meerderheid van die kiesers regoor die wêreld bly die pers die enigste bron van inligting oor die politieke partye wat verkiesings betwis. Van die individue wat verkies wil word, tot die partye se manifeste, wat beloftes en versekerings bevat in ruil vir stemme op stemdag. Die oordeelkundige en bevoorregte kieser het die toerusting om die beskikbare inligting te ontleed en ingeligte besluite te neem.

Dit is ongelukkig nie die geval vir die meeste kiesers wie se inligting weer beperk is nie.

Soos 8 Mei nader, vul 'n vloed stembateriaal Suid-Afrikaanse nuusuitsendings en gedrukte media. Dit is belangrik dat die inligting wat stemgeregtigde Suid-Afrikaanse kiesers bereik, deursigtig en betroubaar is, aangesien dit die besluitneming direk sal beïnvloed ten opsigte van die verteenwoordigers wat vir die volgende vyf jaar vir ons sal staan. Die kiesers moet staatmaak op feite en nie leuens of propaganda nie. Hier word die rol van die pers onder die vergrootglas geplaas. Die nagaan van bronne en inligting voor verspreiding is 'n fundamentele stap in die proses om nuus te deel, en word noukeurige deur opgeleide joernaliste uitgevoer.

Tradisionele media is nie meer die enigste kanaal vir die uitruil van inligting nie, aangesien die digitale ruimte 'n ernstige aanspraakmaker geword het vir vinnige en maklike toegang tot inligting. Soos gesien in die omstrede Amerikaanse verkiesing van 2016, het sosiale media instrumenteel geword in die aanvoer van populistiese narratiewe en opsetlike disinformasie, wat sodoende die stemgewoontes van miljoene Amerikaanse kiesers beïnvloed het. Disinformasie- en misinformasie-veldtogte, sosiale media-platforms en baie niksvermoedende nuuswebwerwe het slagoffers hiervan geword.

Die opkoms van burgerjoernalistiek het ook 'n aandeel gehad daarin om professionele joernaliste te misbruik en valse nuus te deel. Omdat inligting so maklik geword het om te deel, word die verifikasieproses heeltemal oorgeslaan.

Sosiale mediaplatforms self sukkel om die opkoms van valse nuus aan te spreek. Alhoewel die meeste van hulle funksies bevat wat toelaat dat die vermeende vals nuusrekening aangemeld word, het die onophoudelike voorkoms van foutiewe inligting vir hulle te veel



Sentrum vir  
**GRONDWETLIKE  
REGTE**

geraak, met baie gebruikers wat deur die krake glip. Joernaliste speel nou die dubbele rol om inligting te deel wat hulle self ondersoek, asook om onbetroubare nuusbronne te diskrediteer.

Nog 'n bekommernis wat wêreldwyd toeneem is die onverbiddelike wraak op joernaliste deur diegene wat deur hul werk aangeval of benadeel word (geldig of andersins). Amerikaanse president, mnr Donald Trump, het dikwels sy weersin uitgespreek vir mediahuise en individue wat hom, sy beleid of sy wanvoorstelling van feite kritiseer. Nader aan die huis is daar 'n reeks voorvalle wat joernaliste in gevaar gestel het om sekere politici in die openbaar uit te daag. Veteraan-joernalis Karima Brown is aangeval op sosiale media nadat haar persoonlike kontakbesonderhede deur Julius Malema, leier van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF), gedeel is. Die mishandeling het so ver gegaan as verkragtingsdreigemente deur woedende EFF-ondersteuners. Sy het sedertdien die howe genader. Vroeër vanjaar was 'n eNCA-joernalis ook 'n slagoffer van verbale mishandeling deur die adjunk-sekretaris-generaal van die ANC (African National Congress) tydens 'n perskonferensie.

Hierdie toenemende bedreigings teen mediavryheid in Suid-Afrika het bygedra tot Reporters Without Borders (RSF) - 'n moniteringsgroep wat onder andere oor die stand van mediavryheid wêreldwyd berig - wat Suid-Afrika vir die eerste keer sedert 2013 afgradeer in sy Wêreldpersvryheidsindeks vir 2019. Suid-Afrika het drie plekke van 28 in 2018 tot 31 in 2019 gedaal. Dit is nie 'n onbeduidende daling nie. Die indeks dui op die spioenasie op en afluister van joernaliste se fone, die teistering van joernaliste wat lede van die regerende party uitdaag en die opkoms in die misbruik van taal wat teen joernaliste gebruik word. Hierdie pogings om die media te intimideer en te demp, dien om 'n funksionele demokrasie te ondermyn, wat 'n kollektiewe projek van alle belanghebbendes moet wees.

Die rol van die media is om die regering aanspreeklik te hou om demokrasie te ondersteun. Enige aanvalle teen die media moet gesien word as 'n aanval teen die Grondwet, waar persvryheid onder die reg op vryheid van uitdrukking in artikel 16 verskans en beskerm word. Die toenemende straffeloosheid betreffende die manier wat politici die media aanspreek, moet nagegaan en aangespreek word aangesien dit problematies is, en in der waarheid ook 'n bedreiging vir demokrasie.

Dit is simbolies dat vanjaar se feesviering in Addis Abeba gehou word, die hoofstad van Ethiopië - 'n land waar joernaliste tot verlede jaar gereeld tronk toe gestuur is. Dit het in 2018 verander toe die nuwe premier Ahmed alle gevange joernaliste vrygelaat het. Mediahervorming is moontlik - die eerste stap is om dit te respekteer en te erken, en dit dan bewustelik uit te voer, spesifiek met die verkiesing wat nader kom.

**\*Lees meer oor persvryheid in Suid-Afrika in die SGR se jaarlikse publikasie - die Menseregteverslagkaart 2019**